# Rustenburg Gemeenskapskerk

**3 AUGUSTUS 2025**



Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
Ds. Ernst Gottschalk - 072 3954554
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO

## Hartlik welkom by die RGK

09h00 - Erediens
09h00 - Kleuterkerk
10h00 - Kategese
10h00 - Koffie en tee wyk 11+12




**Ouers van skoolgaande kinders - Inligtings-sessie: Sondag 10 Aug om 10h00 in die saal**

## Geloof wat werk

Jy kan nie 'n bietjie swanger wees nie. Jy mag dalk aan die begin van jou swangerskap wees, maar as jy 'n nuwe lewe binne in jou het, het jy dit. Dit sal ook aan almal sigbaar word. 'n Vrou is swanger of nie.

Só is dit ook sigbaar indien geloof in God binne-in ons is. "n Mens het geloof of jy het nie geloof nie. 'n Mens glo in God of 'n mens glo nie in God nie. Dit is uiterlik deur 'n mens se leefstyl sigbaar as jy glo. Jy sien dit aan:



- iemand se aksies op 'n Sondag
- Iemand se prioriteite
- Iemand se woorde
- Iemand se leefstyl
- Iemand se besteding van tyd en geld
- Iemand se dagboek
- 'n Swangerskap word al hoe duideliker vir álmal om daaroor bly en opgewonde te wees. Geloof in God word ook, hoe langer mense ons ken, vir mense sigbaar. Hebreërs 11 vertel ons van mense wie se geloof só sigbaar was. Ons lees daar die name van mense soos Henog, Noag, Abraham, Moses ens. En dan staan daar in Hebreërs 12:1 "Terwyl ons dan só 'n groot skare geloofs-getuies rondom ons het, laat ons dan die wedloop van die geloof met volharding hardloop....."
- Mag ons innerlike geloof, óók uiterlik sigbaar wees. Mag mense ons glo as ons vir hulle sê: **Ek glo in God**

## Verjaarsdae 3 - 9 Augustus 2025



3-Nico Roux (J)
4-Elaine Opperman
Arnold vd Walt
5-Rista de Man
Kappie Kleinsmit
7-Lané Pieterse
Kushcé Niemand
9-Alwyn Avenant

## Teebeurte



Sondae voor Kerk "CAPPUCCINO" @ R30, bring jou eie beker @ R20 ten bate van die Jeugkamp



- 3 Aug - Wyk 11+12
- 10 Aug - Wyk10 + Nesbouers
- 17 Aug - Wyk 14

## Veritas Bybelskool



-Die lidmate wat daar-voor geregistreer het , vind die inhoud baie leersaam en verrykend. Die volgende byeenkomste is 7 Aug en 21 Aug om 10h00 of 18h00

-Onthou om te registreer vir die 2026 kursus. Dit skop af in Feb 2026

## Jeugbediening



Ons bid vir ons Jeugspan, ons ouers en ons jeug vir 'n geseënde 3de kwartaal

## Dankoffers en bydraes

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
***Kaart Fasiliteite by i-toonbank beskikbaar ***



## Die krag van gebed



Een dag is 'n man gevra: "Wat het jy gewen deur gereeld tot God te bid: "Niks…"Maar toe sê hy: Laat ek jou eerder vertel wat ek verloor het: woede, trots, vrees, hebsug, onskerheid, jaloesie ens. Soms is die antwoord op gebed nie om iets te kry nie, maar om dinge te verloor… en dit is 'n ware seën. Gebed verander nie altyd jou situasie nie, maar dit verander jou siel.

## Bid vir ons lidmate



- Hannetjie Barnard
- Ina Pretorius
- Breggie Opperman
- Ivy Swart
- Miemie Nel
- Didi Breytenbach
-Susan Schoeman
- Marinda Grobler
- Andrew Brown
- Calvin Borcher
- Maddy Harvey
- Henk Beumer
- Hennie Stoop
- Isabel McDonald